


TEMMERS VAN DIE WOESTYN · No 39

## INHOUD

| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
| --- | --- | --- |
| I | Die Ruiters van Laaste Hoop ... ... | 7 |
| II | Tou om die Nek ... ... ... ... | 20 |
| III | Wagters om die Huis ... ... ... | 34 |
| IV | In die Val ... ... ... ... ... | 45 |
| V | Hannah voel Benoud ... ... ... | 61 |
| VI | Sluipers in die Nag ... ... ... | 73 |
| VII | Vlamme van Verwoesting ... ... | 85 |
| VIII | Laaste Skote ... ... ... ... | 96 |

## HOOFSTUK I

# DIE RUITERS VAN LAASTE HOOP

„STAAN!" Kobie Ras klop die glimmende nek van die swart hings saggies met sy plathand. Die perd steek in sy spore op die rantjie vas.

„En nou?" Hannah ruk haar bruin perd langs hom tot stilstand.

„Hannahjie," sê hy en sy blou oë skitter ondeund, „kom ons gaan maak 'n draai by daardie kampdorp Laaste Hoop waar . . ."

„Wat?" Hannah stoot die kappie effens agteruit op haar kop. „Hemel, man, wat wil jy in daardie rowernes met sy drosters, diamantsoekers, swendelaars en wat se gespuis nie alles nie, gaan maak? Of soek jy dalk moeilikheid?" Sy kyk hom fronsend aan.

Hy trek sy breë skouers op. „Jy weet mos ek soek nooit moeilikheid nie. Moeilikheid soek altyd vir my. Jy weet . . ."

„Kom ons ry," keer Hannah hom. „Die trekboere sal vanaand by Kraaiwater wees waar ons by hulle moet aansluit, soos jy self weet. Waarom sal ons nou . . ?"

„En wanneer is dit nog vanaand?" vra hy vinnig. „Dis nou maar skrams na middag en Kraaiwater lê net hier anderkant. Laaste Hoop is maar seker ses myl of so hiervandaan. Ons kan maklik met sononder by die veeboers se trek wees, Hannah. Buitendien het die Oranje water en ek het lus vir swem. Jy weet . . . waarna kyk jy?" onderbreek hy sy sin toe sy skielik haar verkyker voor haar oë druk en weswaarts kyk.

Hy volg haar blik en sien bo op 'n klipkop 'n trop wilde perde.

„Kobie!" Hannah is meteens die ene opgewondenheid. „Man, dè!" Sy druk haar verkyker in sy hande. „Kyk na die leier van daardie trop perde!"

Hy hou die verkyker voor sy oë. „Grote Griet," roep hy uit, dadelik ewe opgewonde. „Hannah, dis die pragtigste wilde perd wat ek in my lewe nog aanskou het! Kyk hoe glim sy rooi hare in die son. Sy vier wit pote lyk asof die dier kouse aan het. Kyk hoe snuif hy met sy wit bek en wye neusgate in die lug. Wat 'n dier! Wat 'n toonbeeld van hoe 'n perd nou moet lyk as hy werklik 'n *perd* is, Hannah! As ek . . ."

„Gee die verkyker," sê sy ongeduldig om self weer na die prag-dier te kyk.

Terwyl sy weer na die perd met sy glimmende rooi kleur kyk en al wat byvoeglike naamwoord is, inspan om uiting aan haar lof te gee, sê Kobie hier langs haar : „Hannah, weet jy wat?"

„Nee, wat?" Sy kan haar oë selfs nie vir 'n oomblik van die dier afhou nie.

„Ek wed jou dis daardie woeste rooi hings van wie almal wat ons nog ontmoet het, so baie praat. Rooi Duiwel noem hulle hom in hierdie geweste. Hy . . . hy is, na hulle sê, 'n pure duiwel; het glo selfs al mense wat hom probeer vang het, koelbloedig bevlieg en dood-getrap."

„Al is hy ook sewe duiwels saamgesmelt, Kobie Ras, dan nog ek sê vir jou . . . hoe jammer! Daar spring hy en die trop weg!"

Kobie sien net'n stofdamp uitslaan soos die Rooi Duiwel sy trop skuins teen die kop af lei teen 'n vaart wat eenvoudig asembenemend is.

„Ek sal . . ." begin Kobie maar 'n klompie ruiters verskyn meteens bo-op die kop en beduie in die rigting waarin die Rooi Duiwel laat spaander het. Hannah, wat hulle deur die verkyker sit en dophou, lag voordat sy sê : „Ek wens jy kon sien hoe wys die een man vir die wegvlietende Duiwel vuis. Hemel, maar hulle lyk 'n woeste klomp. Daar rig een 'n verkyker op ons terwyl van sy maats ook na ons beduie. Ek wonder . . ."

„Sien jy," spot Kobie, „die berg kom na Mohammed toe, outjie."

„Wat bedoel jy?" Sy laat haar verkyker sak.

„Daardie ruiters kom gewis van Laaste Hoop af. H'm, hulle jaag na ons kant toe. Ek wonder wat hul haas nou is, noudat die dierasie van 'n rooi perd hulle ontkom het?"



„Ons wag vir hulle en verneem die nuus," merk Hannah sag op maar haar oë flits vinnig af na waar haar rewolwers in hul skedes aan haar leergordel hang. Sy het in die afgelope dae tydens haar en Kobie se reis, ál met die Grootrivier langs, meer as genoeg stories gehoor van Laaste Hoop se inwoners—as jy die spul trekvoëls daar as inwoners kan bestempel—om op haar hoede te wees.

„Daardie luise," het 'n jagter nog gister aan haar en Kobie gesê, „is van die soort wat eers skiet en dan wil verneem wat gaande is. Ek weet, Niggie, want ek kom van die Hool van Onheil af. Van die oomblik af dat jy in die enkele stofstraatjie inry, hang jou lewe aan 'n baie dun draadjie totdat jy weer anderkant uitry. En," het hy kopskuddend gesê, „jy hoef nie skoor te soek nie. Hulle doen dit vir jou!"

Geen wonder, dink Hannah terwyl sy die naderende ruiters dophou, dat Kobie skielik in die plek belangstel nie.

Die sewetal ruiters, almal met koeëlgewere gewapen, ruk hul perde in 'n halfmaan voor Kobie en Hannah in. 'n Vierkantige blok van 'n man met 'n lang rooi baard wat sy hele gesig soos ystervarkpenne bedek, kyk met koue grys oë na die twee voor hom voordat hy in 'n verspotte fyn stemmetjie vra : „Wie is julle en waar gaan julle heen?"

„Dag, menere," groet Kobie vriendelik maar sy blou oë trek net so effens nouer.

„Ons groet gewoonlik as ons weg ry," merk 'n ander ruiter langs die spreker op.

„Mag ons vra wie júlle is?" Hannah se stem is sag, maar haar bruin oë kyk die ander man vierkantig in die gesig. Haar hande rus liggies op die saalboom voor haar.

„Ek stel die vrae in hierdie wêreld, meisietjie," sê Fynstemmetjie met 'n frons tussen sy ruie wenkbroue.

„En kry jy altyd antwoorde?" Hannah se stem is lig-spottend.

„Wat?" Die ruiter druk sy skimmel met die spore dat die dier amper tot teenaan Fleur spring.

„Jim, jy soek mos lankal 'n bruid . . ." begin een van sy maats, maar sy stem slaan skoon weg, toe hy twee rewolwers wie weet waarvandaan in Hannah se hande sien, met die lope roerloos op Jim gerig.

„Nog een tree nader, Jim-wat-jou-naam-ook-al-is, en ek blaas jou rooi baard vol lood." Hannah se stem klap soos sweepslae.

„En nou," sê Kobie terwyl hy sy rewolwer agteloos om sy middelvinger laat tol, „wie is jy en jou maats? En praat gou. Ons is nie baie gediend met jul geselskap nie."

„Laat sak jou hande," gelas Hannah toe een op die punt van die halfmaan sy geweer wil lig. Die man gehoorsaam soos blits toe een rewolwerloop na sy kant toe flits in die agtermiddagson.

Jim skaterlag meteens. „Wel, wel, wie het kon dink daar sit soveel murg in jul pype, hè? Ewewel," raak hy saaklik toe Kobie se rewolwer ophou draai om sy vinger en na sy middel mik, „ek is Jim Falconer en hierdie is my vriende. Al ooit van my gehoor?"

„Nee, dié eer was ons nog nie beskore nie," sê Kobie. „Gaan voort."

Voordat Jim Falconer iets kon sê, blaf Hannah se een vuurwapen. 'n Geweer kletter uit 'n ruiter se hand grond toe terwyl hy met 'n vloek na sy hand gryp.

„Jy was gewaarsku," sê Hannah. „Toe, Falconer, praat klaar voordat ek regtig lus kry om te skiet."

Die blitsnelle wyse waarop sy geskiet het, laat die res nou behoorlik met ontsag en selfs 'n tikkie vrees na die aanvallige Boernooientjie kyk.

Jim Falconer se slape klop meteens woes, maar hy bedwing hom meesterlik terwil hy sê : „Ek is die hoof van Faan Venter, Vaal Faan Venter, se ruiters. Venter, vir jul inligting, is die man aan wie Laaste Hoop feitlik behoort, en," en sy fyn stemmetjie lig nog 'n noot of twee, „na wat so pas gebeur het," en hy knik na die gewonde se kant toe, „wil ek julle albei vriendelik aanraai om nie naby Laaste Hoop te kom nie."



„Dankie," sê Kobie met 'n grynsie. „Waarmee hou jy en jou ruiters julle eintlik besig?"

„Ons handhaaf die orde," kom dit plegtig, so plegtig dat Kobie sowel as Hannah lag.

„My liewe man," sê Kobie, „ek hoop die Kaapse regering betaal julle goed vir die goeie werk. Waar pas die Rooi Duiwel nou hier in?" wil hy weet.

Jim wil-wil sy geweer vasvat, maar bedink hom „Dis eintlik waarom ons hierheen gekom het," sê hy. „Deur hier op jul perde te bly sit, het julle gemaak dat daardie vuilgoed van 'n rooi hings weggeswaai het rivier se kant toe in plaas van die vlaktes te kies. Ek . . ."

„En dink jy vir een oomblik, Falconer, dat julle op hierdie ryperde van julle die geringste kans het om 'n perd soos die Rooie in te jaag?"

„Natuurlik nie. Die perd wat hom inloop, moet nog gebore word. Maar ons het 'n vangkraal gebou vir die geslepe hings en daarheen wil ons hom met trop en al jaag."

„Wel, ons het natuurlik nie geweet van al die planne en dinge nie," merk Hannah op. „As ons kan help . ." begin sy spot, maar Jim sê skerp : „Ek waarsku jou en jou maat nou hier namens Faan Venter : hou jul pote van die Rooi Duiwel af. Geen mens het reg op daardie perd behalwe Vaal Faan nie, en almal hier rond weet dit ook."

„So?" Kobie frons liggies. „Waarop grond hy die reg? Het die Rooi miskien as vul aan hom behoort, of wat?"

„Ek het jou reeds gesê, Vaal Faan is die baas in hierdie kontrei. Sy woord is wet! Onthou dit, vir geval julle twee dalk lus kry om ook daardie perd te wil probeer aankeer."

„Sit nie in hul klere nie," grom een van sy maats. „Ons sukkel al maande om hom te vang, maar daardie perd het die verstand van 'n mens, lyk dit vir my."

„Wie is julle twee wat so braaf skiet?" vra Jim skielik.

„Kyk, Falconer, en julle ander ook : neem asseblief hierdie boodskap van Kobie Ras en . . ."

„Kobie Ras!"

Wat Hannah se skietery nie kon regkry nie, het die naam van Kobie Ras wel vermag. Jim Falconer sowel as die res het soos een man in hul saals verstyf en met oë wat eintlik komieklik groot rek, staar hulle na die twee.

„Tot jul diens," sê Kobie. „Wel, sê vir jou baas, Vaal Faan Venter, ek, Kobie Ras, en my maat, Hannah Fouché, hou nie van die manier waarop sy ruiters vreemdelige molesteer nie, en nog minder van sy, Vaal Faan, se opvatting dat hy baas is hier in 'n land wat eintlik geen baas het nie. Jy kan bylas dat as Faan die Rooi Duiwel wil hê en hy betaal goed, Kobie Ras die werkie vir hom sal doen. En nou," en hy knik vir Hannah en drie rewolwers flits op die ruiters, „trap!"

„Ras, ons ry, maar onthou : ons sien mekaar weer! Kom, kêrels!"

Die sewe perde tol op hul agterbene om soos die ruiters hulle ompluk en met die spore karnuffel.

„Sak weg van die kop af," sê Kobie, „hulle kan ons dalk onder die lood probeer steek as hulle buite skoot is vir die rewolwers." Hy trek Donker na regs en ry vinnig weg, met Hannah langs hom.

„Kobie, dink jy werklik jy sien kans om die wilde perd aan te keer?" Hannah kyk hom ongelowig aan.

Hy glimlag toe hy stilhou. „Natuurlik nie, jong, maar ek wil maar net die groot Faan Venter se gal bietjie deurmekaar skommel. In elk geval, as ek dit kan verhelp, sal ek sorg dat die Rooi Duiwel nie in daardie spul woestaards se kloue beland nie, al moet ek in die veld boer net om die rooi perd elke keer te laat uitvlug onder sy agtervolgers uit."

„En wanneer wil jy dit kamtig doen? Ons gaan mos saam met die trekboere, dan nie?" Sy sê dit huiwerend asof sy skielik meer lus het om die wel en wee van die Rooi Duiwel mee te maak as om heeldag in die stof van 'n klomp trekwaens te ry.

„O, ja," spot hy, „ons gaan saam met die trekkers dis te sê as die magtige Vaal Faan ons toelaat."

„Kobie Ras, wat bedoel jy?" Hannah ruik dadelik onraad.



„Net dit : vanaand as dit donker is, gaan ons twee bietjie Laaste Hoop besoek. As ons daar nie interessante dingetjies aanskou nie wil ek . . . aitsa," sê hy, en wys na regs, „daar kom nog 'n besoeker aan!"

'n Man te perd kom vinnig teen die skuinste oorkant afgejaag, reguit na Kobie en Hannah toe, wat hom stilswyend sit en inwag.

Die perderuiter waai 'n slag hier van onder af met sy breërandhoed, blykbaar as teken dat hy vriendelike bedoelings het. Kobie en Hannah maak 'n groetgebaar met die hand.

„Dat ek so 'n dag ooit sou belewe!" roep hy uit toe hy by hulle stilhou. „Koos Griesel is die naam," en hy gee elkeen 'n ferme handdruk. „Ras, man, hoe . . ?"

„Neef ken ons, skynbaar," sê Kobie, hoewel hy nie kan onthou dat hy die skraal jong man hier voor hom al ooit gesien het nie. Koos Griesel het 'n aantreklike oop gesig en sy bruin oë skyn gedurig te lag, hoewel daar 'n effense bitter trek om sy welgevormde mondhoeke sit.

„Wie ken nie vir Kobie Ras en sy dapper meisie nie?" wil Koos weet. „Ek het die hele petalje met daardie spul vuilgoed van Vaal Faan hier bo van die kop af lê en dophou. Maggies ek moet sê die Jim Falconer kon seker bars van woede. Maar dis hoog tyd dat iemand die vuilgoed 'n les leer. Verbeel hulle mos hulle kan almal soos honde hiet en gebied, die . . . die . . . nee wag netnou vloek ek," sê hy sedig. „Toe ek nou die swart hings sien en die dametjie met die blitsige wapens," gaan hy voort, „sê ek vir 'n sandwurm hier voor my neus : ‚As dit nie Ras en sy meisie is nie, Koos Griesel, is jy 'n naguil'."

„Hoe het neef so toevallig op ons afgekom?" vra Kobie.

„Glad nie toevallig nie," kom die antwoord. „Jim en sy bende swerkaters was vir die soveelste keer besig om te probeer om die Rooi Duiwel—julle het hom en sy trop gesien—aan te keer. Daardie perd alleen is honderde ponde werd vir 'n man wat 'n stoettrop wil teel, Ras, en dan sê ek niks van die trop wilde perde wat saam met die Rooi boer nie. Wel, Vaal Faan het 'n

eed geneem dat hy die Rooi Duiwel gaan vang. Ek moes op my plasie 'n yslike vanghok bou—eintlik 'n V-vormige draadkamp. Die een arm van die V is die Oranje en die ander arm 'n draadheining tien voet hoog en 'n myl van die rivier af sodat die Rooie en sy volgelinge daar kan inloop sonder om onraad te merk. Teen die tyd dat die perd dan onraad ruik, is hy amper onder in die hoek van die V, 'n paar myl laer af. Daar is gedurig 'n paar volk op die uitkyk vir die dag wanneer die Rooi Duiwel instap in die valstrik. Een moet dan onmiddellik na Laaste Hoop jaag, net 'n paar myl hiervandaan, en Vaal Faan in kennis stel. Dan sal hy sy volle ruitermag stuur om die vangwerk te doen. Ek moet gedurig kos in die vangkamp strooi om die perd te lok, maar Neef, ek sê nou vir jou, daardie perd is te skrifgeleerd vir Vaal Faan. Verskeie kere het hy al te kort duskant die eerste streep kos gekom, dan steek hy vas, snuif soos 'n leeu in die lug en woerts! daar vlieg hy om en laat spaander. Hulle hóm vang?" Koos Griesel snork behoorlik van veragting.

„Maar hoekom moes jy dan op jou plaas 'n vanghok bou?" Kobie verstaan die saak nie mooi nie.

Koos Griesel gryns skielik op 'n wyse wat Kobie laat frons.

„Jy ken die wet van die Noordweste," merk hy op. „Mag is reg, Nefie. Wat kan ek man alleen uitrig teen 'n man soos Vaal Faan en sy kliek? Vaal Faan het my eenvoudig voor 'n keuse gestel: bou die vangkamp of trek! Hy het darem die draad en volk gegee om die kamp te bou en verskaf ook die voer, die skurk!"

„Wat gaan jy maak, Koos, as die Rooi Duiwel eendag in die kamp instap?"

Koos se skrander gesig helder op. „Ek sien jy dink soos ek! Daar is 'n baie, baie goed rede waarom ek kwansuis saamspeel met die spul, Kobie Ras. Een van Vaal Faan se mense—watter een kon ek nog nooit met sekerheid vasstel nie, het my enigste broer ses maande gelede koelbloedig doodgeskiet en weet jy waarom?" Koos se oë vlam.

„Nee," sê Kobie skaars hoorbaar.



„Omdat arme Daan een aand in die kroeg op Laaste Hoop vir Vaal Faan in sy gesig gesê het: ‚enige man het die reg om die Rooi Duiwel te probeer vang, Faan Venter, en ek gaan net so hard soos jy probeer!' Faan het net gelag en gesê: ‚Wel, as jy so min van jou lewe dink, Daan Griesel, gaan jou gang.' 'n Week daarna het ek Daan se lyk vol koeëlgate langs die Oranje opgetel. Kobie Ras," en die skrale se stem raak skerp, „as jy swak is, moet jy slim wees. Die pofadder wat lê en slaap, is op sy gevaarlikste—vir die man wat op hom trap, nie waar nie?"

„Ek begryp jou gevoelens," sê Kobie simpatiek en Hannah kyk die man met groot jammerte in haar hart aan. „Maar hoe wil jy jou broer se dood wreek deur die Rooi Duiwel?"

„Nie wreek in dié sin dat ek doelbewus my hande met die bloed van een van daardie vuilgoed wil besmet nie, Ras. Ek is 'n gelowige mens en glo vas dat, soos die Woord sê, die wraak my nie toekom nie, hoewel ek 'n lang stryd met myself moes voer voordat ek tot die besluit kon kom. Maar," en hy stamp met sy vuis op die saal, „daar is niks wat my verhinder om in my enigheid te probeer om Faan Venter se prestige aan te tas nie, hom so te verneder dat hy noodgedwonge sal moet padgee hier nie. Begryp?"

„En hoe wil jy dít doen?" vra Hannah getref deur die man se kinderlike dog rotsvaste geloof.

Koos Griesel laat sy kop sak, bloos effens en sê toe: „Aangesien ek julle twee volkome vertrou, net op jul reputasie as regverdige en eerbare mense, sal ek julle in die geheim inlaat—'n geheim wat, as dit rugbaar word, my lewensdraad baie gou sal deurknip, so seker as wat die son daar aan die hemel sit, mense."

„Koos," sê Hannah, „ek glo nie dis eers nodig vir ons om te sê dat jou geheim by ons so veilig as by jouself is nie."

Hy glimlag. „Ek weet. Nou ja, luister nou mooi: julle ken nie vir Vaal Faan nie, of hoe?"

„Nog net van hom gehoor," sê Kobie.

„Wel, Vaal Faan het vandag twee obsessies in die lewe: die een is om die Rooi Duiwel aan te keer met